COMMUNITY NEWSPAPER
Gans Berg Nuus/News
PRICE R15.00
30 January 2026
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
288th Edition

CELEBRATE LOVE THIS
Valentine's Day
WOULD YOU LIKE TO SHOWCASE YOUR VALENTINE'S DAY SPECIALS.....
JANINE: 072 931 1431 / FREDA: 063 668 4577

# Joshlin-ondersoekspan vereer

Ons lesers sal onthou van die verdwyning van Joshlin Smith op 19 Februarie 2024 uit Middelpos, Saldanha, toe sy 'n skrale ses jaar oue, weerlose dogtertjie was, wat mense regoor die wêreld diep geraak het. Die lang arm van die gereg het 29 Mei 2025 op die aangeklaagdes 'toegeslaan' - Kelly "Racquel" Smith, Jacquen "Boeta" Appollis en Steveno "Steffie" van Rhyn is elk tot lewenslange tronkstraf vir mensehandel, plus 'n verdere tien jaar vir ontvoering, gevonnis. Kaptein Wesley Lombard van die Provinsiale Georganiseerde Misdaad-eenheid (Anti-Kidnapping), was die hoofondersoekbeampte.

Nou, bykans 'n jaar later, is hierdie manne en vroue vir hul deeglike ondersoekwerk, wat tot die skuldigbevindings van die aangeklaagdes gelei het, beloon. Tydens die Wes-Kaapse polisie-toekenningsfunksie op 17 Januarie 2026 in die *Century City Convention Centre* is hulle vereer en ook as die Beste Speurspan aangewys.


*Joshlin Smith kort voor haar verdwyning.*


*Advokaat Aradhana Heeramun, Tamsyn James, sersant Felecia Johnson, sersant Nkhosinati Sangcozi, kaptein Wesley Lombard, adjudant-offisier Dawid Fortuin, advokaat Zelda Swanepoel, sersant Monolitho Haywood en adjudant-offisier Madri van der Walt. (Foto verskaf)*

Kapt. Lombard het gesê die span het baie hard gewerk om 'n gehalte-ondersoek te verseker wat tydens die verhoor aangebied kon word. "Wat bygedra het tot hierdie toekenning, is ons vertroue in die Here, toewyding, dissipline en die ondersteuning van die polisie en die gemeenskap," het hy gesê.

**Hardus Botha**

Galvatech
Corrosion Protection Specialists
Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!


Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.
- Hot Dip Galvanisering
- Industriele Spuitverf
- Epoxy Powder Coating
- Galvanisering SANS 121 Goedgekeur
- Shot/Sand Blasting

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!
Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za
021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

**MEET**
*the team*
**OFFICE: 028 205 0100**
**Whatsapp: 066 225 4282**



Michelle van Zyl: 078 010 8296
Owner / Advertising
michelle@gansberg.co.za



Melissa Van Rooyen
Graphic Designer
design@gansberg.co.za
Editorial Content
info@gansberg.co.za



Hardus Botha: 082 786 0494
Journalist
info2@gansberg.co.za



Tracy Hulme: 076 672 6283
Admin Assistant
tracy@gansberg.co.za



Freda Potgieter: 063 668 4577
Advert Representative
freda@gansberg.co.za



Janine Williams: 072 931 1431
Advert Representative
janine@gansberg.co.za

# Gansbaai Fotografieklub...
# Waar passie en professionalisme saam fokus

Gansbaai se op-en-wakker fotografieklub, onder leiding van Clive Bailey, bars nie uit sy "kwantitatiewe nate" nie, maar beslis uit sy "kwalitatiewe nate". Met 'n klein lidmaatskaptal van sowat 14 fotograwe, mag dit dalk





Adrie Stock, Clive Bailey en Jane Bailey.

na 'n "onbenullige" klub klink, maar om hul professionele aktiwiteite en bedrywige program onder oë te neem, skilder 'n prentjie van nougesette professionalisme - sonder enige twyfel. Met Clive Bailey as voorsitter, is die klub ook 'n lid van die *Western Counties Photographic Federation* (WCPF). Hierdeur word kommunikasie tussen fotografieklubs bewerkstellig. Elke maand het 'n interessante tema en die klub beskik ook oor 'n sinvolle en interessante WhatsApp-groep. Die Gans-Berg Nuus sal lesers deur die jaar op hoogte hou van hul verstommende prestasies agter die kameras.

Die jaarlikse prysuitdelingsfunksie het met die klub se Algemene Jaarvergadering op 20 Januarie 2026 plaasgevind.
**En die 2025-wenners was…**
(ter wille van terminologie word dit in Engels weergegee)
*Most Golds & COM - Corneli du Plessis; *Most Open Points - Jane Bailey; *Most Theme Points - Adrie Stock; *Photographer of the Year - Jane Bailey; *Runner-up Photographer - Adrie Stock; *Salon Acceptances - Jane Bailey; *Best 1 Star - Mimmie Pienaar; *Best 2 Star - Corneli du Plessis; *Best 3 Star - Clive Bailey; *Best 4 Star - Piet Visagie; *Best 5 Star - Adrie Stock; *Best 5 Honourable Star - Jane Bailey; *Red Award - Adrie Stock. Daar is ook 'n 5 Masters Star-kategorie, maar daar was vanjaar geen toekenning nie. Die spesiale *Salon Acceptances* toekenning aan Jane Bailey is vir haar inskrywings by die *Hibiscus Coast Photographic Society of South Africa*, wat deur die *Associate of the Photographic Society of South Africa* (APSSA) onderskryf word - dis haar 2de jaar vir dié toekenning - 'n buitengewone prestasie vir 'n klublid. Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus dra graag hul gelukwense aan al hierdie presteerders oor. (Dis 'n jammerte dat al die foto's nie geplaas kan word nie!)

**Klein, maar kragtig**
Die klub bestaan tans uit slegs sowat 14 aktiewe lede - klein, maar beslis "getrain", met fotograwe wat wéét wat hulle doen. Die bestuurslede wat in 2026 die wa deur die drif moet kry, is: *Voorsitter - Clive Bailey; *Visie-voorsitter - Jane Bailey; *Tesourier/Sekretaresse - Nelleke Ferreira; *Addisionele lid: Riaan Jacobs.
Ten spyte van die hoë vlak van professionalisme onder die lede, word ruim voorsiening vir beginners gemaak. "Beginners is meer as welkom, en hulle kan seker wees van deeglike en geduldige opleiding," het Clive Bailey gesê. Die klublede vergader elke eerste Dinsdag van die maand om 18:00 vir 18:30. Belangstellendes is welkom om Clive by 076 312 8305 te skakel of om 'n WhatsApp aan hom te stuur.

**Hardus Botha**



Nelleke Ferreira en Clive Bailey.



Clive Bailey en Jane Bailey.



Clive Bailey en Piet Visagie.



Clive Bailey en Mimmie Pienaar.



Clive Bailey en Corneli du Plessies.














# Black Leaves gereed vir 2026

Black Leaves Rugbyklub se bestuurslede en afrigtingspan het op Vrydag, 23 Januarie 2026 in die Gansbaai Spaces for Sport-klubhuis vergader - om die klub se oorkoepelende beplanning vir 2026 te bespreek. Die hoofdoel was om belanghebbendes en rolspelers in lyn met die klub se behoeftes te bring, asook om die langtermyn-groei en mededingendheid van die klub te verseker.



*Black Leaves se bestuurslede en afrigtingspan: Voor - G Khoisan-Baartman, H Blankenberg (voorsitter), M Adams, C Pienaar en B Booysen. Agter - N Titus (afrigter), N de Kock, R Hulme, B Jantjies, H Vermeulen, B Hendricks (visie-voorsitter), V Khoisan-Baartman, J Rooi en D Mckenzie.*

**Die volgende fokusareas is geïdentifiseer:**
*Groei van die klub en behoeftebepaling;
*Identifisering van prioriteitsbehoeftes;
*Welstand van spelers;
*Spelrooster vir 2026;
*Ontwikkeling van spelers;
*Die wyse waarop die bestuur en afrigtingspan die jaar se rugby gaan aanpak, hande vat en mekaar te ondersteun.

Na afloop van die samesprekings het die bestuur en afrigtingspan hul opgewondenheid oor die komende seisoen uitgespreek. Hulle nooi Gansbaai se sakelui om die klub finansieel te ondersteun - al is die bydrae klein of groot, elke bietjie sal 'n verskil maak.



*Voorsitter H Blankenberg aan die woord.*

Tans is die klub se grootste uitgawe vervoerkoste, en ondersteuning in hierdie verband deur plaaslike besighede sal opreg waardeer word. Elke bydrae sal help om 'n betekenisvolle verskil te maak.

**Hardus Botha**










# Vissermanne met Wóórd en daad gereed vir 2026-seisoen

Gansbaai se pelagiese vissermanne is letterlik met Wóórd en daad gereed vir die 2026-seisoen. Die *Woord*, vergesel van gebed, is op Sondag 25 Januarie 2026 tydens die jaarlikse Vissermanstoewydingsdiens in die Gansbaai-hawe aan hulle bedien. Die *daad* - om vis te vang - kan hulle nou met groter sekerheid uitvoer, wetende dat dit onder hul Skepper se beskerming plaasvind. "Kyk net daar - die pelagiese vissersbote is besig om see toe te vaar, terwyl ons hier saamstaan om ons Vader se genade en beskerming oor hulle uit te spreek," het Deon Naudé, programbestuurder, gesê kort voordat hy die amptelike verwelkoming gedoen het.

Die Vissermanstoewydingsdiens is baie goed bygewoon, met talle mense wat selfs vanuit hul motors geluister het. Die Geestelike Musiekfabriek het besondere luisterrykheid aan die verrigtinge verleen met Annetjie Naudé (klawerbord) en Deon Naudé (trompet), saam met die sangers Anthia de Villiers, Marié Avenant, Verna Fortuin en Pieter le Roux. Die musiek, sang en hartlike samesang is moontlik gemaak deur Gansbaai se bekende klankman, Louwtjie de Witt.

Ná enkele gepaste liedere is alle vissermanne, sowel as geestelike leiers, na vore geroep. Hulle het hande gevat en in 'n kring gestaan, terwyl emeritus predikant ds Franna Herselmann in gebed voorgegaan het. Sy gebed het ook alle ander vissermanne, Gansbaai se sakelui en veral die boere ingesluit wat onbeskryflike skade tydens die verwoestende brande gely het, asook almal wat met soveel liefde en omgee ondersteuning gebied het.


*'n Gewyde oomblik tydens 'n gebed vir die vissermanne.*


*Die geestelike leiers.*


*Die geestelike Musiekfabriek: Verna Fortuin, Marié Avenant, Anthia de Villiers, Annetjie Naude en Pieter le Roux.*

Die verrigtinge is met gebed deur Norman Sauls geopen, waarna verskeie geestelike liedere - in Afrikaans én Engels - onder leiding van die sanggroep gesing is. Die Afrikaanse boodskap is deur emeritus predikant ds Mauritius Pienaar van die NG gemeente gebring. Hy het Jesus se wonderwerk van die vyf brode en twee vissies, waarmee 'n enorme skare gevoed is en waar daar nog twaalf mandjies oorgebly het, as kern van sy boodskap gebruik. "Die fokus moet val op die lewensbrood vir ons siele, terwyl die skare hulle vasgestaar het teen die wonderwerk self," het Mauritius benadruk. Die Engelse diens is waargeneem deur dr Robert Johnson van die Family Church. Hy het verwys na Jesus wat tydens 'n storm op die boot geslaap het, voordat Hy die see kalm gemaak het. "So is dit met ons eie lewensbootjies," het hy gesê. "As Jesus nie saam met jou op jou lewensbootjie is nie, kan jou lewenssee nie tot rus kom nie - "Stay attached to Jesus, always!"

In sy bedankingswoord het Deon spesiale waardering uitgespreek teenoor Gansbaai Marine (hoofborg), Boathouse (fasiliteite), die AGS-gemeente (stoele), asook alle rolspelers en almal wat die diens bygewoon het. "Ek wil nie name uitsonder nie, maar ek móét spesiaal melding maak van Floors Avenant wat, soos elke jaar, onvermoeid rondgehardloop het om al die reëlings te tref - 'n enorme taak. Baie dankie, Floors," het Deon gesê.

Die diens is afgesluit met die gesamentlike sing van die geliefde *Oorwinningslied*. Laastens was Flippie Otto en sy helpers weer op hul pos om lekkers aan die kinders - of was daar dalk ook volwassenes? - uit te deel.

**Hardus Botha**






# 'Storie van Hoop' Voergroep Overberg 2026

Hierdie *'Storie van Hoop'*, met die slagspreuk 'Ons staan by julle', is 'n dringende beroep op menslikheid, samewerking en ondersteuning vir boere wat magteloos teenoor die verwoestende brande gestaan het - en steeds staan. Die inisiatief het ontstaan toe Gregg Chasley kort ná die uitbreek van die plaasbrande die behoefte raakgesien het. Bianca Olivier het sonder huiwering gereageer en die voortou geneem, met die ondersteuning van talle ander betrokkenes. Die doel is eenvoudig maar noodsaaklik: om boere in nood daadwerklik by te staan.

**Gans-Berg Nuus besoek plaas**
Tydens 'n besoek deur die Gans-Berg Nuus aan Ben en Bianca op die plaas, waar die bale en dierekos afgelaai en weer opgelaai word, is eerstehands kennis geneem van die "wonderwerke" wat reeds deur hulpverlening moontlik gemaak is. Bianca het ook 'n drie weke oue takbok-rammetjie, wat op die plaas gered is, aan die mediaspan voorgestel. Op haar roep het die baba-bokkie nader gestap om melk te drink. "Hy drink agt liter melk per dag en kry ses eiergeel per dag, en stap oral saam met my rond," het sy vertel.


*Bianca Olivier se takbok-rammetjie wat gered is.*


*'n Dankbare Luke van Koude Vlakte.*

**'n Hartroerende boodskap**
In 'n WhatsApp-boodskap aan die Gans-Berg Nuus het Bianca die ontstaan van die *Storie van Hoop* verduidelik. "Dit het begin by twee mense met 'n eenvoudige idee: om te help waar daar gehelp kan word - maar waar begin 'n mens?" Gregg Chasley het met Jaco Jonker, bestuurder van Overberg Agri, Stanford, gepraat oor die magtelose gevoel teenoor boere wat alles verloor het en dringend voer benodig. Jaco het voorgestel dat 'n donasierekening by Overberg Agri geopen word. 'n Administrateur was nodig, en Bianca het onmiddellik ingestem: "Ek is in!"

**Wonderwerke neem momentum**
Bianca het Maryna Theart betrek, 'n WhatsApp-groep is geskep en die inisiatief is op sosiale media versprei. Kort daarna het die eerste noodroep gekom van 'n boer wie se weiding, voer, infrastruktuur en geboue deur vuur verwoes is. Ten spyte daarvan dat Bianca en Ben self groot skade op hul plaas gely het, het sy geweet daar moet vinnig opgetree word.

**Donasies stroom in**
Nadat die rekening goedgekeur en bankbesonderhede versprei is, het vrae en versoeke ingestroom. Besluite oor wie, waar en hoe hulp verleen sou word, moes vinnig geneem word. "Ek het besef hoe groot hierdie inisiatief raak, maar toe begin die donasies inkom. My mond het oopgehang, maar my hart was vol trots om te sien hoe mense saamstaan," sê Bianca.

**Dank en voortgesette nood**
Hulp het van oral ingestroom. Bianca en die administrasiespan bedank veral vir Jaco Jonker (Overberg Agri, Stanford), JP Pienaar (Overberg Agri, Rietpoel), Ian de Wet (Joh-Lou Transport), asook vele ander wat voervragte moontlik gemaak het. Hoewel daar reeds baie wonderwerke was, bly die nood groot. Van die kontantfondse is intussen vir die herstel van heinings aangewend. Enige bydraes - kontant, voer of ander dierekos - sal opreg waardeer word. Vir verdere navrae, ondersteuning of bankbesonderhede kan Bianca by 076 105 0104 gekontak word, of per e-pos by biancaseepos@gmail.com.

**Hardus Botha**


*Jim Baxter van Bruinklip.*










Medical 911




Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Gansbaai Wynproegilde
# Oom Koos Mosterdpotjie se 'bederfie' – Botha Kelder

“Vanaand is ons bevoorreg om twee knap dames van Botha Kelder as wynproe-aanbieders by ons te verwelkom,” het Japie Spies, voorsitter van die gilde, gesê. “Ons is gelukkig dat Botha Kelder ingewillig het om die wynproe aan te bied, aangesien dit parstyd vir die wynkelders is.” Die Great White House was weer vol bespreek vir die gilde se eerste wynproe-byeenkoms vir 2026, wat op Dinsdag, 20 Januarie 2026, plaasgevind het.



Christa Meiring, Marmara de Klerk, Lara prins en Charl Terblache.

“Ons aanbieders vanaand is Botha Kelder se Hoofwynmaker, Lara Prins, en Christa Meiring, hulle Bemarkings- en Fasiliteitsbestuurder,” het Japie gesê. Lara is in die Breedekloof gebore en het daar grootgeword en is trots op haar wyne wat sy verteenwoordig. Sy het Wingerdbou (Vitikultuur) en Wynboukunde (Oenologie) aan CPUT Wellington studeer en ook 'n diploma in Keldertegnologie by Elsenburg verwerf. In 2016 sluit sy as Wynmaker by Waboomspruit Wynkelder aan en teen middel 2024 is sy as Hoofwynmaker by Botha Kelder aangestel. Christa het haar loopbaan in die wynbedryf in 2005 begin, waar sy vir 12 jaar deel van die logistieke span by Overhex Wyne was. In 2019 het sy by die Botha-span aangesluit as Binnelandse Bemarker en Fasiliteitsbestuurder. Sy het 'n groot liefde vir kosmaak en leef haar passie in Botha Kelder se kombuis uit, waar sy verantwoordelik is vir die maak van 'happies' vir hul *food & wine pairings* en *nibble platters*.

**Proewyne**
Die verwelkomingsglasie was 'n Blanc de Noir (2025). Die res van Botha Kelder se proewyne, komplimenterend tot die driegang-maaltyd, was: Sauvignon Blanc (2025); Chenin Blanc (2025); Amyah Chenin Blanc (2025) - *Amyah* beteken “Dagdroom”; Dassies Rood (2023); Merlot (2023); Shiraz (2023); met 'n geurige 'bederfie' om die aand mee af te sluit: Late Bottled Vintage 2016 (Port), ter nagedagtenis aan Oom Koos Mosterdpotjie, Jacobus Francois Hugo (1816–1894). Die kelder se ryk geskiedenis is diep gewortel in sy nalatenskap. Sy liefde vir mosterd en sy postuur, wat aan 'n mosterdpotjie herinner het, het gemaak dat Oom Koos innovasie en uitnemendheid in wynmaak verpersoonlik het. Die etiketontwerp op die bottel beeld Oom Koos uit wat sy perd van 'n rots af bestyg - aangesien hy klein van postuur was. Die Chenin Blanc (2025) is loshande as Witwyn-van-die-Aand aangewys, sowel as Wyn-van-die-Aand, met die Shiraz (2023) as Rooiwyn-van-die-Aand. Die Great White House se kombuis het, soos altyd, nie teleurgestel nie. Die spyskaart, met smaaklike bykomstighede, het soos volg daaruit gesien: voorgereg - *Seared Duck Breast*; hoofgereg - *Grilled Pork Loin Steak*; nagereg - *Fudgy Chocolate Brownie*.



Oom Koos op die etiket van die Late Bottled Vintage 2016 (Port).

**Botha Kelder**
Die kelder is 20 km vanaf Worcester op die R43, op pad na Wolseley/Ceres, geleë en vorm deel van die Breedekloof-wynvallei. Hulle wynportefeulje bestaan uit drie reekse: *Inspired* (waarby die Amyah Chenin Blanc, deel van die Breedekloof Makers-inisiatief, ingesluit is); *Valley Selection – Sjanter*; en die *Social Range*.

Die aand het in 'n gesellige atmosfeer verloop, met waardevolle kennis oor die wynbedryf wat opgedoen is. Marmara en Charl Terblanche het die gebruiklike Gansbaai Wynproegilde-voorskote, geborg deur Deon en Erica Oosthuizen, aan die aanbieders oorhandig.

**Hardus Botha**

SINCE 1910 I&J

ASC Audit Announcement

I & J Aquaculture – Klipfontein Farm is pleased to announce an upcoming surveillance audit under the Aquaculture Stewardship Council (ASC) Abalone Standard. The audit will be conducted by bio.inspecta, an independent third-party Conformity Assessment Body, on 4th - 6th March 2026.

We value the input of our local community and stakeholders. If you have any feedback or concerns regarding the farm's operations, please contact bio.inspecta directly. Your comments are an important part of the audit process.

How to Submit Feedback:
Email: seafood@bio-inspecta.com
Website: www.bio-inspecta.com.au
Thank you for your continued support and engagement.




The Death's-head Hawkmoth (*Acherontia atropos*), so named due to the skull-shaped pattern on its thorax, is well-known in popular culture. This striking moth has made appearances in films such as *The Silence of the Lambs* (1991) and *Dracula* (1958). A unique characteristic of the *Acherontia* genus is their ability to produce a "squeaking" sound from their proboscis (tongue). It is thought that this sound mimics that of a queen bee, allowing the moth to enter hives undetected to steal honey. On Grootbos, the caterpillars are known to feed on Nightshade (*Solanum* species).

Brought to you by Grootbos Foundation

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Y | B | A | L | L | A | W | L | M | X | Y | H | I | A | L | N | N |
| B | K | A | N | G | A | R | O | O | X | G | Z | O | E | U | B | E |
| L | R | A | B | B | I | T | I | C | R | V | O | M | R | W | U | K |
| Z | E | P | K | S | O | U | M | K | V | A | M | R | Z | S | M | C |
| Y | T | S | V | O | E | F | P | I | J | I | N | Q | F | S | E | I |
| E | F | F | A | R | I | G | A | N | N | Y | I | G | I | O | C | H |
| F | S | H | E | E | P | Q | L | G | M | O | N | C | U | T | F | C |
| Y | T | C | L | C | W | P | A | B | P | N | R | O | N | T | U | T |
| Q | B | Y | G | O | A | L | E | I | O | E | I | A | Y | T | A | B |
| M | N | O | P | N | L | N | M | R | E | B | H | U | Y | E | Y | N |
| X | F | M | T | I | X | T | O | D | X | P | C | H | G | T | Z | Y |
| M | U | H | R | H | E | J | U | T | E | X | K | A | Y | N | N | X |
| A | E | O | B | R | A | E | S | L | R | P | K | B | T | E | E | S |
| R | G | O | T | E | A | R | E | Q | B | L | L | U | J | D | U | P |

BOBCAT
CHICKEN
DEER
ELEPHANT
FROG
GIRAFFE
GORILLA
HORSE
KANGAROO
LEMMING
LYNX
MOCKINGBIRD
MOUSE
ORANGUTAN
PANTHER
PENGUIN
RHINOCEROS
SHEEP
WALLABY
WEASEL
YAK

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 3 | | | | 1 | |
| | 1 | | | | | | | 7 |
| 7 | 8 | | 6 | | | | 2 | |
| | | 8 | | | 9 | | 7 | |
| | | | | | | | | 9 |
| 4 | 7 | | | 3 | | | | |
| 5 | | | | | 7 | 2 | 9 | |
| | | | | | | 6 | | 4 |
| 3 | | 6 | 2 | | | | | |

## Colour me in....



# ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 5 | 8 | 3 | 7 | 9 | 4 | 1 | 6 |
| 7 | 9 | 3 | 1 | 4 | 6 | 5 | 2 | 8 |
| 4 | 1 | 6 | 2 | 5 | 8 | 9 | 3 | 7 |
| 8 | 2 | 5 | 7 | 9 | 1 | 6 | 4 | 3 |
| 1 | 3 | 7 | 5 | 6 | 4 | 2 | 8 | 9 |
| 6 | 4 | 9 | 8 | 2 | 3 | 7 | 5 | 1 |
| 3 | 6 | 2 | 4 | 1 | 7 | 8 | 9 | 5 |
| 9 | 8 | 4 | 6 | 3 | 5 | 1 | 7 | 2 |
| 5 | 7 | 1 | 9 | 8 | 2 | 3 | 6 | 4 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | P | A | R | A | K | E | E | T | F | D | N | V | M | W | E | E |
| I | O | B | C | J | B | L | S | X | F | S | W | F | O | J | T | L |
| H | R | E | V | R | A | A | Z | U | F | U | H | S | N | Y | L | A |
| P | P | M | K | C | O | G | O | B | R | Y | Y | P | K | K | B | H |
| L | O | E | N | A | R | C | U | L | A | L | T | Y | E | A | U | W |
| O | I | E | Y | Z | N | F | G | A | W | A | A | P | Y | M | D | Y |
| D | S | D | M | B | F | S | E | A | R | I | O | W | M | U | F | B |
| E | E | M | U | A | Z | S | E | Q | Z | L | W | I | C | P | P | R |
| M | G | R | L | T | O | W | F | L | E | E | N | B | D | Z | E | V |
| E | T | O | Y | O | C | M | Q | T | T | G | L | U | V | V | Q | A |
| Y | G | Q | G | N | X | W | N | W | B | T | C | L | A | J | E | J |
| M | Y | E | R | P | M | A | L | I | J | K | A | E | E | F | R | E |
| N | T | O | V | J | T | U | R | T | L | E | B | R | U | E | G | T |
| R | H | F | O | G | L | D | R | P | F | Q | P | W | A | D | N | B |

# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**UNITY SERVICE RECOVERY**
ALCOHOLICS ANONYMOUS
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal (Prys net vir Gansbaai Area) Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

**Anglo Windows**
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*



Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*



**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Freda:063 668 4577 freda@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431 janine@gansberg.co.za

**FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING**
CONTACT AUBREY
076 651 6789

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant

Website Link

TikTok

GANSBERGNEWS

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

EMERGENCY

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH










Coastal Aluglass

*Products direct from factory to public!*

**We specialise in:**

* Windows * Frameless showers
* ALU Showers * Burglar Bars
* Clear Bars * Balustrades * Stackdoors

Special offer on windows for winter

*Many years experience. It will pay you to contact us!*

Office: 028 384 2236 / 072 855 8588
E-mail: coastalgansbaai@gmail.com


# KENNISGEWING

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die Boedel van wyle
ANNORINA SMALBERGER
Identiteitsnommer 5411160123083.
Getroud Buite gemeenskap van goed
wat oorlede is op 24 Februarie 2025
(Meesterverwysing 021047/2025)

Krediteure en debiteure word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal binne 'n tydperk van 30(DERTIG) dae gereken van 30 Januarie 2026

RICHARDS PROKUREURS
35 Barnardstraat
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255
VERWYSING: **RR2120**

Richards Attorneys

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

**Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancies:**

### MANAGER: ELECTRICAL (2 POSTS)

**Directorate:** Infrastructure Services
**Department:** Electrical Operations & Maintenance Overstrand East and West
**Reference numbers:** WC0320974 (Gansbaai) and WC0321304 (Hermanus)
**Basic salary:** • R692 112 p.a.
• Non-pensionable scarce skills allowance (15% of gross Salary pro rata payable monthly)
• Perk Vehicle Allowance
• Cell Phone Allowance
**Employment type:** Permanent
**Place of Work:** Gansbaai and Hermanus

**Requirements:** • A relevant National Diploma in Engineering and Registration as Pr Eng Techni (Professional Engineering Technician) • Computer literacy: MS Office • A valid Code B/EB driver's licence with no vehicle restrictions • Eight (8) years' relevant experience, post registration • National Certificate in Municipal Financial Management as prescribed in Regulation 493, 15 June 2007 of MFMA. (To be obtained within 18 months of appointment) • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape.

**To view detailed advertisement with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mr George Lotter on 028 316 5600**

**Closing date: 12 February 2026**

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 13/2026

# Skooltassies om nuwe graad-fase in te gaan

Leerders van beide hoër- en laerskole is genooi om tydens die NG-Kinderdiens op Sondag, 18 Januarie 2025, hulle skooltassies saam te bring. "Daarmee wil ons simboliseer dat die Here elke tree in julle nuwe fase op skool met julle sal stap," het ds Hanri Joubert, wat die Kinderdiens gelei het, gesê. Hy het ook verwys na Sondae se sjokolade wat vir verjaarsdae en ander gedenkdae uitgedeel word. "Dit gaan nie net oor die sjokolade nie, maar om te wys dat niemand alleen is nie - die gemeente is daar om vir julle te bid, aan julle te dink en julle te ondersteun," het Hanri gesê.





Alanda Brown van die kerkkantoor het 'n tassie, gevul met noodsaaklike benodigdhede, aan Hanri oorhandig. Hy het dit uitgepak en die kinders moes verduidelik waaroor elke item gaan. Daarna het hy alle leerders wat 'n nuwe fase of graad betree, gevra om na vore te kom - met die ouers wat ook uitgenooi is om by hul kinders te kom staan, waarna hy vir hulle in gebed voorgegaan het. Die musiekgroep - Asanti Smith, Liesbet Joubert en Anthia de Villiers - het 'n spesiale lied, *Sëengebed*, vir hulle gesing.

Hanri het sy boodskap op 1 Korintiërs 1:1-9 gebaseer. Die kinders moes tel hoeveel keer Paulus na Jesus in die paar verse verwys - dit was nege keer - om te beklemtoon dat Jesus eerste in elkeen van hulle se lewens moet wees. "As julle 100% op Jesus fokus, dan sál julle jaar anders wees!" het hy gesê. Hy het ook op dankbaarheid gefokus, hetsy in moeilike en negatiewe tye óf in goeie en positiewe tye.

In die uitspreek van die seënbede oor elkeen teenwoordig, het hy weer op die kinders gefokus en beklemtoon dat hulle die nuwe skooljaar nie alleen betree nie, maar saam met Jesus Christus.

**Hardus Botha**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 30/1/2026 | Saturday 31/1/2026 | Sunday 1/2/2026 | Monday 2/2/2026 | Tuesday 3/2/2026 | Wednesday 4/2/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 23° | 22° | 26° | 24° | 28° | 23° |
| Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from south - east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from south 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 30 January | 1341 | 0200 | 0733 | 2002 |
| 31 January | 0216 | 1431 | 0826 | 2047 |
| 1 February | 0300 | 1515 | 0911 | 2126 |
| 2 February | 0339 | 1554 | 0952 | 2202 |
| 3 February | 0416 | 1631 | 1029 | 2236 |
| 4 February | 0452 | 1706 | 1104 | 2308 |
| 5 February | 0525 | 1739 | 1137 | 2338 |
| 6 February | 0559 | 1812 | 1210 | 0009 |


Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee&Co

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za





## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 332, 1 ARCADIA STREET, PEARLY BEACH, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR EXTENSION OF THE PERIOD OF VALIDITY AND AMENDMENT/ DELETION OF CONDITIONS OF AN EXISTING APPROVAL AND AMENDMENT OF SUBDIVISIONAL PLAN: UMSIZA PLANNING ON BEHALF OF SANTARA PROPERTIES (PTY) LTD

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) of the following applications applicable to Erf 332, Pearly Beach (the property), namely:

**Application for extension of validity of an existing approval**
Application in terms of Section 16 (2)(i) of the By-Law for a further period of five (5) years from 09 September 2021.

**Amendment/deletion of conditions of an existing approval**
Application in terms of Section 16(2)(h) of the By-Law to amend conditions 4. (a), (b), (c) and (d) and delete condition (n) of the decision of the Mayoral Committee dated 30 March 2016 and Authorized Official dated 09 September 2021.

**Amendment of subdivisional plan**
Application in terms of Section 16(2)(k) of the By-Law to amend the approved subdivision plan comprising 14 Residential Zone 1 erven, 1 Transport Zone 2: Private Road Erf and 1 Open Space Zone 3: Private Open Space Erven existing subdivisional plan to accommodate the following:

- 9 Residential Zone 1: Single Residential Zone (SR1) erven;
- 1 Open Space Zone 3: Private Open Space (OS3) erf, and
- 1 Transport Zone 2: Private Road (TR2) erf.

Full details regarding the proposals above are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Division: Town and Spatial Planning, 16 Paterson Street, Hermanus; Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai and on the municipal webpage at the following link https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Any comments must be in writing and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before **06 March 2026**, with your name, address, contact details, interest in the application and the reasons for comment. Telephonic inquiries can be made to the **Principal Planner, Mr SW van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments after the closing date. Any person who cannot read or write can visit the Division: Town and Spatial Planning where they will be assisted by a municipal official in formulating their comments.

*Please note that in terms of the Protection of Personal Information Act (POPIA), you will be entering into a public process and as such agree and consent to your name, surname, contact details and comment(s) may be disclosed / used in the (application) process.*

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERF 332, ARCADIASTRAAT 1, PEARLY BEACH, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: AANSOEK OM VERLENGING VAN DIE GELDIGHEIDSPERIODE EN WYSING/SKRAPPING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES VAN 'N BESTAANDE GOEDKEURING EN WYSIGING VAN DIE ONDERVERDELINGSPLAN: UMSIZA PLANNING NAMENS SANTARA PROPERTIES (PTY) LTD

Kragtens Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) word hiermee kennis gegee van die volgende aansoeke van toepassing op Erf 332, Pearly Beach (die eiendom), naamlik:

**Aansoek om verlenging van die geldigheids-periode van 'n bestaande goedkeuring**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(i) van die Verordening vir 'n verdere periode van vyf (5) jaar vanaf 09 September 2021.

**Wysiging/skrapping van goedkeurings-voorwaardes van 'n bestaande goedkeuring**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(h) van die Verordening om voorwaardes 4. (a), (b), (c) en (d) te wysig en die skrapping van voorwaarde (n) van die besluit van die Burgemeesterskomitee gedateer 30 Maart 2016 en Gemagtigde Amptenaar gedateer 09 September 2021

**Wysiging van onderverdelingsplan**
Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(k) van die Verordening om die goedgekeurde onderverdelingsplan vir 14 Residensiële Sone 1 erwe, 1 Vervoersone 2: Privaat Pad Erf en 1 Oop Ruimte Sone 3: Privaat Oop Ruimte erf te wysig om die volgende te akkommodeer:

- 9 Residensiële Sone 1: Enkel Woonsone (SR1) erwe;
- 1 Oopruimte Sone 3: Privaat Oopruimte (OS3) erf; en
- 1 Vervoersone 2: Privaat Pad (TR2) erf.

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weeksdae tussen 08:00 en 16:30 by die Afdeling: Stads- en Streekbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus; Gansbaai Biblioteek, Hoofweg, Gansbaai en op die munisipale webtuiste by die volgende skakel https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Enige kommentaar moet skriftelik wees en die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) voor of op **06 Maart 2026**, met u naam, adres, kontak besonderhede, belang in die aansoek en die redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Hoofbeplanner, Mnr SW van der Merwe** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Afdeling: Stads- en Streekbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

*U aandag word gevestig op die Bepalinge van die "POPI" Wet, en aangesien u opmerking deel sal uitmaak van 'n openbare deelname proses, u derhalwe toestem dat u naam, van en kontakbesonderhede openbaar gemaak mag word.*

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ERF 332, 1 ARCADIA STREET, PEARLY BEACH, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: ISICELO SOKWANDISWA KWEXESHA LOKUNYANISEKA KUNYE NOKULUNGISWA/ UKUCINYWA KWEEMEKO ZOKUVUNYWA OKUKHOYO KUNYE NOKULUNGISWA KWESICWANGCISO SOKWAHLULAHLULA: UCWANGCISO LWE-UMSIZA EGAMENI LE-SANTARA PROPERTIES (PTY) LTD

Isaziso siyanikezelwa ngokweCandelo lama-47 nelama-48 loMthetho kaMasipala woLungiso loMthetho kaMasipala kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, ka-2020 (uMthetho kaMasipala) wezi zicelo zilandelayo zisebenza ku-Erf 332, ePearly Beach (ipropati), ezizezi:

**Isicelo sokwandiswa kokuqinisekiswa kwemvume ekhoyo**
Isicelo ngokweCandelo le-16 (2)(i) loMthetho kaMasipala isithuba esingaphezulu seminyaka emihlanu (5) ukusuka ngomhla we-09 kuSeptemba wama-2021.

**Ukulungiswa/ukucinywa kweemeko zemvume ekhoyo**
Isicelo ngokweCandelo le-16 (2)(h) loMthetho kaMasipala ukulungisa imiqathango yesi-4. (a), (b), (c) kunye (d) kunye (d) kunye nokucima imeko (n) yesigqibo seKomiti kaSodolophu yomhla wama-30 kweyoKwindla yowama-2016 kunye neGosa eliGunyaziweyo lomhla wama-09 kuSeptemba wama-2021.

**Ukulungiswa kwesicwangciso sokwahlulwahlulwa**
Isicelo ngokweCandelo le-16 (2)(k) loMthetho kaMasipala ukulungisa isicwangciso solwahlulo esivunyiweyo esibandakanya i-14 Residential Zone 1 even, 1 Transport Zone 2: Private Road Erf kunye ne-1 Open Space Zone 3: Private Open Space Erven ekhoyo ekhoyo. isicwangciso sokwahlulahlula ukulungiselela oku kulandelayo:

- 9 Indawo yokuhlala 1: Indawo yokuhlala eNye (SR1) erven;
- 1 Open Space Zone 3: Private Open Space (OS3) erf, kunye
- 1 uMmandla wezoThutho 2: Indlela yaBucala (TR2) erf.

Iinkcukacha ezipheleleyo malunga nezi zindululo zingasentla ziyafumaneka ukuze zihlolwe phakathi evekini phakathi kwe-08:00 kunye ne-16:30 kwiCandelo: UCwangciso lweDolophu neSithuba, 16 Paterson Street, Hermanus; Ithala leencwadi laseGansbaai, iMain Road, iGansbaai nakwiphepha lewebhu likamasipala kweli khonkco lilandelayo https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Nawaphi na amagqabantshintshi kufuneka abhalwe kwaye afikelele kuMasipala (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) ngaphambili okanye ngaphambili **06 EyoKwindla 2026,** kunye negama lakho, idilesi, iinkcukacha zoqhagamshelwano, umdla kwisicelo kunye nezizathu zokuphawula. Imibuzo yomnxeba inokwenziwa **kuMcwangcisi oyiNtloko, uMnu SW van der Merwe** kwi-028 313 8900. UMasipala usenokwala ukwamkela izimvo emva komhla wokuvala. Nawuphi na umntu ongakwaziyo ukufunda nokubhala angatyelela iCandelo: UCwangciso lweDolophu neSithuba apho aya kuncediswa ligosa likamasipala ekuqulunqeni izimvo zakhe.

*Nceda uqaphele ukuba ngokoMthetho woKhuseleko lolwazi loBuqu (POPIA), uya kungena kwinkqubo yoluntu kwaye ngenxa yoko uvumelane kwaye uvume igama lakho, ifani, iinkcukacha zoqhagamshelwano kunye nezimvo zinokubhengezwa /zisetyenziswe inkqubo (isicelo).*

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 14/2026

155606

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# Gansbaai Gholfklub
# Twee 'gesoute' bestuurslede wenners van die week

Twee gholfspelers, wat beslis al diep spore in Gansbaai Gholfklub op bestuursvlak getrap het, het verlede week as wenners van die gholfbaan afgestap. Bev Swart het Saterdag, 24 Januarie 2026 se Houespel kompetisie ingepalm, met Johan Coetzee wat Woensdag, 21 Januarie 2026 se Enkel Stableford Sloegterskompetisie ingepalm het.

**Woensdag, 21 Januarie:**
Johan Coetzee wen die Enkel Stableford Sloegterskometisie met 39 punte, gevolg deur Cobus Dippenaar 33, Alex Mostert 30, Jacques Louw 30, Patrick Tavener 29, Cecil Galloway 29, Andrew Dalgleish 29, Clive Bailey 29, Dawie Viljoen 28 en Joe Cesare 27. Naaste aan pen no 15: Jacques Louw (Geel bof).

**Vrydag, 23 Januarie:**
Callie Lourens wen die 9-putjie Enkel Stableford met 23 punte, gevolg deur Rodney Smith 21, Koos Myburgh 20, Pieter Smal 19, Corrie Avenant 18, Deon Momberg 18, Andre Hage 18, Andrew Dalgleish 18, Lionel Kemm 18 en John Smith 17.


**Saterdag, 24 Januarie:**
Bev Swart wen die Houespel kompetisie met 68 net, gevolg deur JP Laubscher 69, Clive Bailey 70, Melvin Tobias 70, Deon Momber 72, Johan Coetzee 73, Willem Germishuys 74, Peet Pretoriius 74, Gavin Flint 74 en Daniel van der Merwe 74.
Die Gansbaai Brodie Liga 1- en Liga 2 het teen mekaar gespeel, met die Liga 2 wat met 4.5 teenoor 3.5 gewen het.
Liga 1 speel Saterdag, 31 Januarie op Gansbaai teen Swellendam en ons wens die span alle sterkte toe.


**Saterdag 31 Januarie:**
Kompetisie vir die lede is 'n Enkel Stableford.

**Verjaarsdae:**
Michael Schmitz (2 Februarie) en Naas Vermaak (4 Februarie).

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**


*Bev Swart.*


*Johan Coetzee.*


*Callie Lourens.*

# Skolierpatrollie 2026 - LSG



*LSG se Skolierpatrollielede vir 2026.*

2026 se belangrike 'taakspan' van Laerskool Gansbaai (LSG), die Skolierpatrollie-span, is bekend gemaak. Hierdie nuwe skolierpatrollielede, onder leiding van Adrian Hage en Françoise Stoman, het op Woensdag, 21 Januarie, hul opleiding ontvang - hulle het reeds op 22 Januarie 2026 met hul diens begin.

Die skool, asook die redaksiespan van die *Gans-Berg Nuus*, wens hierdie lede baie sterkte toe met die verantwoordelike taak wat op hul skouers rus om ons kinders veilig te hou - baie geluk ook aan elkeen van julle!

**Hardus Botha**

xplorio
The Power of Community
Your online presence is an extension of your business. Don't get left behind in the crowded online space. Xplorio is an online platform in Gansbaai and the Overberg that empowers you to take advantage of the opportunities in the online space.
072 519 2138 - info@xplorio.com - xplorio.com/gansbaai